Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

## GRAAD 6

## NOVEMBER 2016

# SOSIALE WETENSKAPPE (GESKIEDENIS)

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1½ uur**

**Maak seker dat leerders 'n 30 minute breuk tussen vraestelle kry.**

*6HISTA*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES

1. AL die vrae moet beantwoord word.
2. Lees en bestudeer alle meegaande bronne in die vraestel sorgvuldig deur.
3. Nommer alle vrae presies net soos dit op die vraestel verskyn.
4. Moenie die vrae se antwoorde deurmekaar skryf nie.

## AFDELING A

## VRAAG 1: DEMOKRASIE EN BURGERSKAP

1.1 Bestudeer die stelling en kies die korrekte antwoord. Verskeie opsies word gegee as moontlike vrae vir die volgende stellings. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5), byvoorbeeld 1.1.6 E.

1.1.1 ʼn Regeringstelsel in ʼn land waar almal kan stem om die leiers te verkies ...

A apartheid.
B demokrasie.
C monargie.
D outokrasie.

1.1.2 Na 1994 was Suid-Afrika ʼn demokratiese land gelei deur die ...

A Inkatha Vryheidsparty.
B Vryheidsfront.
C Ekonomiese Vryheidsvegters.
D African National Congress.

1.1.3 Die Grondwetlike Hof is gestig om die grondwet te beskerm in ...

A 1984.
B 1994.
C 2004.
D 2014.

1.1.4 Die wette wat almal in die land moet gehoorsaam:

A Parlement
B Regstelsel
C Grondwet
D Regte

1.1.5 Die ware geskrewe verhaal van ʼn persoon se lewe word ʼn ... genoem.

A biografie
B bibliografie
C outografie
D fotografie

(5 x 1) **[5]**

## VRAAG 2

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

### GEVALLESTUDIE: FATIMA MEER – 'N LEIER IN DIE BOU VAN DEMOKRASIE



Fatima Meer is in 1928 in Durban gebore. Sy is as Indiër geklassifiseer. Indiërs het nie dieselfde regte as wit mense gehad nie, maar die apartheidswette het hulle beter as swart mense behandel. Fatima se pa het haar van jongs af geleer dat mense in Suid-Afrika nie die regte het wat hulle behoort te hê nie. Fatima het aan die Universiteit van Natal gestudeer en gegradueer. Baie min vroue wie nie wit was nie, kon dit destyds doen.

Oor die jare was Fatima betrokke by baie organisasies wat teen die apartheidsregering geveg en arm gemeenskappe gehelp het. Sy was byvoorbeeld betrokke by protesoptredes teen die regering, deur optogte en vergaderings te organiseer waar sy haar sou uitspreek teen die apartheidsregering.

- Die bou van 'n beter verstandhouding en vennootskappe tussen die swart en Indiër gemeenskappe
- Vroue-organisasies wat teen apartheid geveg het en mense in arm gemeenskappe gehelp het
- Die bymekaarmaak van geld om skole in arm gemeenskappe te bou

Die regering het probeer om mense soos Fatima te keer. Hulle het haar verban. Dit het beteken dat sy nie kon reis waarheen sy wou nie, nie groot groepe mense op een slag kon ontmoet nie en niks wat sy geskryf het, kon uitgestuur vir ander mense om te lees nie.

Die regering het Fatima ook vir vyf maande tronk toe gestuur sonder 'n verhoor. Na 1994 het Fatima haar betrokkenheid by verskillende organisasies en gemeenskapwerk in arm gemeenskappe voortgesit. Fatima het in 2010 aan 'n beroerte gesterf.

[Bron: www.sahistory.org.za]

Kopiereg voorbehou 

2.1 Waar was Fatima gebore? (1)

2.2 Noem DRIE dinge wat sy gedoen het om ander mense te help. (3)

2.3 Hoe het Fatima gehelp om 'n demokratiese Suid-Afrika te bou? (2)

2.4 Wat het dit beteken om deur die regering verban te word? (2)

2.5 As jy met Fatima kon praat, wat sou jy vir haar sê? Skryf TWEE sinne. (2)
**[10]**

## VRAAG 3

Die nasionale vlag moet ten alle tye met eerbied en respek behandel word.



3.1 Beskryf die verskillende plekke in Suid-Afrika waar jy gesien het die vlag gebruik word. (3)

3.2 Wat beteken die V-vorm op die nasionale vlag? (1)

3.3 Wie het die finale nasionale vlag ontwerp? (1)

**[5]**

## AFDELING B

## VRAAG 4

4.1 **MEDISYNE DEUR DIE JARE**





Pas die term in KOLOM A by die korrekte beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die vraagnommer (4.1.1–4.1.3) en die letter (A–D) van die antwoord wat jy kies, byvoorbeeld 4.1.4 E.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Holisties | A ʼn Middel wat in medisyne gebruik word om bakterieë dood te maak en infeksies te genees. |
| 4.1.2 Antibiotikum | B Baie klein lewende organismes met sommige wat siektes kan veroorsaak |
| 4.1.3 Aansteeklik | C Behandeling van die hele mens en nie net die siekte fisiese nie |
| | D As ʼn siekte maklik van een mens na ʼn ander oorgedra word |

(3 x 1) (3)

4.2 Watter mediese ontdekkings hou met die volgende dokters verband:

4.2.1 Alexander Fleming (1)

4.2.2 Edward Jenner (1)

4.2.3 Robert Koch (1)

Kopiereg voorbehou 

4.3 Lees die storie en beantwoord die vrae.

**CHRIS BARNARD EN DIE WÊRELD SE EERSTE HARTOORPLANTING**

Een Saterdagmiddag in Desember 1967, het Dokter Chris Barnard van die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad, ŉ span dokters en verpleegkundiges gelei om mediese geskiedenis te maak.






ŉ Man genaamd Louis Washkansky het sterwend aan hartversaking in die hospitaal gelê. ŉ Jong vrou, Denise Darvall, het in ŉ motorongeluk gesterf. Sy het ŉ gesonde hart gehad en dr. Barnard het toestemming van haar pa verkry om haar hart te gebruik om Washkansky se lewe te red.


Die mediese span, onder leiding van dr. Barnard, het die hart in mnr. Washkansky se liggaam oorgeplant. Die operasie was ŉ sukses, maar Washkansky het 18 dae later aan ŉ longinfeksie gesterf. Hierdie eerste oorplanting het ander dokters wêreldwyd geleer om nuwe dinge te doen en vandag leef hartoorplantingspasiënte jare lank met hul nuwe harte.

4.3.1 Organiseer die gebeure in tydvolgorde. Hierdie gebeure is nie in die regte volgorde waarin dit plaasgevind het nie. Herskryf die gebeure in die regte volgorde.

A ŉ Jong vrou met ŉ gesonde hart, Denise Darvall, het in ŉ motorongeluk gesterf.
B Dr. Barnard het wêreldberoemd geword.
C Die operasie was ŉ sukses, maar Washkansky het 18 dae later aan ŉ longinfeksie gesterf.
D Die mediese span, gelei deur dr. Barnard, het die hart in mnr. Washkansky se liggaam oorgeplant.
E ŉ Man, met die naam Louis Washkansky, het sterwend aan hartversaking in die hospitaal gelê. (5)

4.4 Voltooi die tabel oor hoe mediese ontdekkings chirurgiese operasies moontlik gemaak het.






| **Mediese ontdekking** | | **Hoe dit met 'n operasie help** |
|---|---|---|
| 4.4.1 | X-strale | |
| | | |
| 4.4.2 | Higiëne in die operasieteater | |
| | | |
| 4.4.3 | Bloedoortappings | |
| | | |
| 4.4.4 | Narkose | |

(4 x 1) (4)

**VRAAG 5**

5.1 Bestudeer die onderstaande bronne en beantwoord die vrae wat volg.





Kyk na die bronne hierbo en bespreek hoe dit mense identifiseer as sangomas. Skryf 'n paragraaf van VYF sinne. **[5]**

**TOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou